



Die Heilige Gees en die prediking in die erediens

B.J. de Klerk
Skool vir Kerkwetenskappe
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: ben.deklerk@nwu.ac.za

Abstract

The Holy Spirit and preaching in the service

The question investigated in this article is how the Holy Spirit is present and active in the action of preaching, and what the result of this is. The Spirit edifies the message and establishes certainty within the preachers that the Spirit will create the right audience for the words of the message. Christ as the centre of preaching is accepted and obeyed by the congregation in its meeting with the Lord. Preaching should transfer the lines in the text via the content of Scripture to the human being of today. The congregation should apply the sermon to their concrete life situation through the exercising of the gift of prophecy. Preaching and prayer stands in a causal relationship to Scripture reading, because Scripture reading elicits preaching and prayer. Preaching as testimony elicits prayer as worship, and the prayer in turn elicits testimony. This causal and interactive relationship is living and powerful through the dynamic work of God the Holy Spirit, who effects communion between God and the congregation in Jesus Christ through these events.

Opsomming

Die Heilige Gees en die prediking in die erediens

Die vraag wat in hierdie artikel ondersoek word, is hoe die Heilige Gees in die aksie van prediking en die uitwerking daarvan teenwoordig en werksaam is. Die Gees versterk die boodskap en bewerk die sekerheid in die predikers dat die Gees die regte gehoor vir die woorde van die prediking skep. Christus as die brandpunt van die prediking word deur die gemeente in sy ontmoeting met God toegeëien en gehoorsaam. Prediking moet die lyne van die teks via die sentrale inhoud van

die Skrif na die mens in die hede deurtrek. Die gemeente moet deur die beoefening van die gawe van die profesie die prediking in die konkrete lewensituasie toepas. Prediking en gebed staan in 'n kousale verhouding tot Skriflesing, want Skriflesing roep prediking en gebed op. Prediking as belydenis wek gebed as aanbidding en die aanbidding wek weer belydenis op. Hierdie kousale en wisselwerkende verhoudings is lewend en kragtig deur die dinamiese werking van God die Heilige Gees, wat gemeenskap tussen God en die gemeente in Christus deur hierdie handeling bewerk.

1. Inleiding

Die hart van die erediens is die diens van die Woord, wat bestaan uit die selfstandige Skriflesing, die Skriflesing waaruit die prediking voortvloei en die suiwere Skrifprediking (Mohler, 2003:107). Wanneer van die Heilige Gees en die prediking gepraat word, moet dit altyd gesien word vanuit die eenheid, harmonie en samewerking van God die Vader, Jesus Christus, die Seun van God en die Heilige Gees (Coetzee, 1984:235). Die Heilige Gees tree begeleidend in alle handeling van die erediens op en bewerk 'n drieërlei ontmoeting in die erediens, naamlik God-gemeente, gemeente-God, gemeente onderling. Die navorsingsvraag is hoe die Gees in die aksie van die prediking en die uitwerking van die prediking teenwoordig en werksaam is. Vrae wat daaruit kan voortspruit, is hoe die Heilige Gees die prediker toerus en wat dit vir die persoon en gesindheid van die prediker beteken. Hoe vind die drieërlei ontmoeting in die prediking plaas? Wat is die funksie en plek van die prediking in die erediens? Hoe is die gemeente betrokke in die handeling van die prediking?

2. Die Heilige Gees en die prediker

Die vraag kan gestel word of dit wat in die openbaringsprediking (van byvoorbeeld Paulus) ten opsigte van die werk van die Heilige Gees geld, ook vir die verklarings- (of getuienis-) prediking in die kerke vandag geld. Dit is dieselfde Gees wat openbaar, verklaar (en tot getuienis bring) én die harte van die hoorders wederbaar. Terwyl dit van openbaringsprediking geld, geld dit des te meer van verklaaringsprediking. Die Heilige Gees moet in en deur die prediker werk om die verkondiging van die Woord krag te gee. Sonder die krag en gemeenskap van die Heilige Gees is prediking 'n selfvernietigende taak wat die prediker en die hoorder frustreer (Floor, 1987:10).

Dit is nie vanselfsprekend dat elke prediker met elke preek in die krag van die Heilige Gees getuig nie. Hy kan kennis en insig hê en hom deeglik voorberei, maar sonder vervulling met die Heilige Gees sal die prediker en sy preek geen krag hê nie (Barnard, 1997:130). Die voorwaardelike aard van die prediking met krag word hiermee erken. Van die voorwaardes is dat die prediker deur die Heilige Gees wedergebore is en dat die bedienaar van die versoening self die voorwerp van versoening is. Dit gaan dus oor die *locus standi* van die prediker (Pieterse, 2005:411). Hy staan enersyds aan die ontvangkant en andersyds is hy bedienaar. Die prediker is dus self ten nouste betrokke by dit wat hy moet verkondig. Vir prediking in Gees en krag is die vervulling en verligting met die Heilige Gees 'n voorwaarde (Potgieter, 2008:80). Dit moet in voortdurende en volhardende gebed, bepeinsing, ontlediging van die eie ek en in volwees van die Woord gesoek word. Hierin is die voorbidding van die gemeente noodsaaklik.

Die prediker van die 21e eeu staan op die preekstoel in die Pinksterbedeling: Jesus Christus stuur deur sy Gees die segetog van die evangelie deur die wêreld (Stark, 2005:412). Hierin is die geloofwaardigheid van die prediker van deurslaggewende belang. Die twee dimensies wat hierdie geloofwaardigheid grootliks bepaal, is die bevoegdheid (intelligensie, ingeligtheid, akkuraatheid, gekwalifiseerdheid) en persoonlikheid (integriteit, geloofsgroei) van die prediker. Laasgenoemde is van groter belang vir die luisteraar as die oortuiging dat die prediker bevoegd is om te preek (Sunukjian, 1982:260). Opregtheid en erns is daarom twee voorvereistes vir die prediker. Om opreg te wees, is om te doen wat jy sê en om eerbaar te wees, is om te voel wat jy sê (Stott, 1982:262, 273).

Die Gees openbaar die inhoud van die prediking en in hierdie verband word die Gees “die Gees van wysheid en van openbaring” genoem (Ef. 1:17). Die heilswerk wat God deur Jesus Christus bewerk het, word deur die Heilige Gees geopenbaar en wel met woorde wat die Heilige Gees leer (1 Kor. 2:13). Die prediker is dus absoluut en volledig van die Heilige Gees afhanklik (Douma, 2000:301). Die Heilige Gees se werking in die oordra van die preek is onontbeerlik, en daarom moet die prediker dwarsdeur die aksie van prediking in ootmoed en nederigheid sy algehele afhanklikheid van die Gees bely. Die Heilige Gees is die krag en energie van God (Rom. 15:13, 19), want die Gees dring deur tot die hart van die mens en skep die regte gehoor in die woorde van die prediking. Die Gees versterk die boodskap en bewerk die sekerheid in die predikers.

3. Prediking en die wese van die erediens

Die prediking behoort die drieërlei ontmoeting te dien. Waar die Woord geles en gehoor word en in sy ware bedoeling uitgelê word, is dit God wat in Christus deur die Gees met ons praat. In die prediking is die gemeente ook in ontmoeting met God in Christus, want dit wat gehoor word moet óf toegeëien, óf verwerp word, en dit kan alleen in Christus, die Middelaar, gedoen word. Christus as die brandpunt van die prediking word deur die gemeente in sy ontmoeting met God toegeëien en gehoorsaam (Engelbrecht, 1996:5). Hierdie waarheid bring die gemeente daartoe om in die prediking mekaar met ander oë te sien, juis omdat Christus deur die toeëieningsaktiwiteit in hulle gestalte kry. Die ontmoeting van die gemeente onderling in die prediking word in Christus moontlik, omdat die prediking die vrug van Christus se werk aan elkeen meedeel en 'n liefdesband daardeur vestig en versterk (Immink, 2001:228).

Die gemeente se ontmoeting met God kan in die prediking plaasvind omdat die prediking die knooppunt van God se praat met sy volk en sy volk se praat met God is. Die gemeente moet oor die prediking oordeel en wat die gemeente daarin ervaar, is hulle belydenis waarvolgens hulle leer en lewe (Van der Walt, 1982:60). Die preek is in hierdie sin die lewende *credo* van die gemeente. Die ontmoeting met God in die prediking dra daarom 'n belydeniskarakter (Siermerink, 1999:176).

Die persoon wat vir die prediking verantwoordelik is, word in die Skrif aangedui as *diakonos* (dienaar) van die Woord (Hand. 6:4; 1 Tim. 1:12). In die begrip *dienaar* word die eintlike werk van die prediker duidelik en presies beskryf (Hogan, 2005:101). Omdat hy dienaar is, beklee hy 'n ondergeskikte plek, want hy staan in diens van iemand wat hoër is as hy en wat oor hom gesag het, wat hom uitstuur en wat aan hom 'n taak opdra. Die dienende funksie van die prediker lei tot die dienende funksie van die prediking. God het die Woord as vrug van die openbaring gegee, en Hy sorg ook vir 'n diens waardeur die Woord deur die eeue bedien kan word. Die diens van die Woord is volgens sy wese die bring van 'n boodskap van die Koning aan sy volk. Die boodskap is wat die diens tot diens maak. Daar is 'n mededeling wat as boodskap gestuur word en daar is 'n mens of 'n versameling mense aan wie die boodskap geadresseer is met die uitdruklike bedoeling dat die boodskap aanvaar sal word (De Klerk & Van Rensburg, 2005:12). Juis die verhouding tussen Christus en die prediker bepaal die dienende karakter van die prediking ten opsigte van die Koningswoord, die Skriflesing in

die erediens. Die prediker en sy prediking staan in diens van Christus en van die Gees van God.

Deur die erkenning van die dienende karakter van die prediking word standpunt ingeneem teen die siening dat die prediking die hoogtepunt in die erediens is (Fee, 2000:101). Hierdie verkeerde siening leef dikwels by die kerkvolk van vandag.

4. Die karakter van die prediking in die erediens

Omdat hierdie artikel op die liturgiese aspekte van die prediking fokus, kom aspekte van die karakter van die prediking slegs ter sprake waar dit die prediking as handeling in die erediens raak.

God het sy waarheid geopenbaar en op skrif laat stel, en Hy bind sy volk aan wat Hy eenmaal geopenbaar het. Alle prediking, uitlegging, toepassing en belydenis is dus aan die Woord gebonde (Theron, 2002:162). Die prediking van die Woord is die verkondiging van die blye boodskap; en die prediker is die draer van die blye boodskap. Hy is die *euangelos*, die bode of die “engel” (leraar van die gemeente; Op. 2:1 e.v.) wat die goeie tyding moet aankondig. Die boodskap van hierdie boodskapper is egter toetsbaar aan die oorspronklike prediking.

Die terme wat vir ware prediking in die Skrif gebruik word, dui die karakter aan wat die prediking as handeling in die erediens moet hê om “so sê die Here”-prediking te wees (Cilliers, 2002:72). Die omvattendste begrip vir prediking in die Nuwe Testament is “om te evangeliseer”; om die goeie boodskap te bring (*euangelizein*). Drie aspekte hiervan word onderskei, naamlik om te verkondig (*kerussein*), om te getuig (*marturein*) en om te leer of te onderrig (*didaskhein*). Kerugmatiese prediking is die gesaghebbende aankondiging, die proklamasie van die magtige daade van die Koning, Christus (Stark, 2005:236). *Kerugma* kom met gesag, met eensydige outoriteit, op gesag van die lewende God self (Brienen, 1987:177). Die prediking wat *kerugma* is, is prediking wat nie net verlossing aankondig nie, maar dit ook meebring. ’n Uitstaande kenmerk van hierdie aspek van prediking is dat dit onmiddelik in die diens ’n krisis onder die hoorders bring. Hulle moet eenvoudig ja of nee kies. Hulle moet die boodskap glo, of dit verwerp.

Getuienis het in die Skrif altyd die karakter van “waarheids”getuienis. Dit is ’n getuienis waarin sowel die feite as die betekenis van die feite saamval. *Marturia* anker die apostoliese prediking in die werklikheid, in die openbaringshistoriese werklikheid, en verhef die in-

houd van die prediking bo die sfeer van enige spekulاسie, blote diskussie of subjektiewe belewenis. Die *marturia* van die prediker mag en moet net die getroue eggo van die oorspronklike, Geesgeïnspireerde getuienis van apostels as ware oog-/oorgetuies wees (De Klerk & Van Rensburg, 2005:103). Die prediking moet lering, onderrig in die leer van die Here Jesus self wees. Ook die lering kom met gesag, want dit vertel nie net nie, maar leer deur die Heilige Gees wat Christus op grond van sy genadige verlossingswerk van mense eis. Lering is gehoorsaameisende onderrig in die Naam van die Here, want ook hierin word Christus en sy Gees nagepraat (Vos & Pieterse, 1997:249). Hierdie kerugmatiese, marturetiese en didaskaliese nasê van die Bybelse predikers is gesaghebbend en dra weens die klem op nasê, 'n belydeniskarakter.

Jesus Christus is die primêre en draende oorsprong van die kerk. Waar die brandpunt van die Woord verkondig word, is die prediking deur die werking van die Heilige Gees self *viva vox evangelii*. Hy is in die prediking teenwoordig en daarom handel Hy daarin. Die prediker praat namens God, maar altyd met sy gesig na die gemeente (Jonker, 1973:46). Daarom is 'n Skrifgedeelte nie behoorlik verstaan en toegeëien as sy betekenis vir die aktuele konkrete situasie in die gemeente nie herken is nie. Deur die woord van sy roeping bring God sy dienaars tot aksie; deur die woord van belofte gee Hy sy kinders nuwe hoop; en deur die woord van dreiging lê Hy sy oordeel in die midde van sy volk. Christus het hierdie skeidingsmag in soveel woorde aan die prediking gegee (Matt. 16:19). Wie die sleutelmag bedien, het die mag om toegang te gee of te weier. Sleutelmag is dus beskikkingsmag (Carter, 2005:75). Die beskikkingsmag van die koninkryk van die hemel kom Christus toe, maar Hy gee dit aan sy apostels, sy kerk, wat mense toegang gee tot, of mense uitsluit uit die koninkryk en sy weldade. Hulle doen dit deur die prediking van die evangelie en ook deur die tug.

5. Die gemeente se betrokkenheid by die prediking

Wanneer die prediking lidmate laat sit-luister-loop-en-vergeet sonder dat die Woord in hulle lewe gebeur, skort daar iets radikaals. Dit lyk dan asof die preke met die banke in die kerkgebou agterbly en nie soos suurdeeg in die lewenswerklikheid van die erediensdeelnemers deurdring nie. Die prediking is moontlik Skrifgefundeerd en beantwoord aan tegniese vereiste, maar die krag daarvan ontbreek, omdat die gemeente, die hoorders, nie in berekening gebring word nie. Prediking het die Woord en die gemeente as opdrag. Die Skrifgedeelte is nie behoorlik gehoor en verstaan voordat die verband

tussen die gedeelte en die aktuele, konkrete situasie van die gemeente begryp is nie (vgl. Pieterse, 1991:97-103). Skrifgetroue prediking is tegelyk Woord van God (die goddelike handeling in die erediens) asook die hoor van die Woord van God (die primêre menslike handeling in die erediens) (De Wet, 2006:625). Wat die gemeente daarin hoor en aanvaar, is hulle belydenis, hulle praat met woord en daad met God.

Die prediking word in die gemeente ingedra deurdat die prediker die eerste hoorder in die gemeente is (Schuringa, 1995:49). Die prediker mag nie homself, sy nood, hoop, ideale en sonde buite rekening laat nie. Hoe spreek God in die lewende Christus deur sy Gees met hom in sy konkrete situasie? God stuur sy gesant na 'n bepaalde adres. Jesus Christus is in die bepaalde gemeente teenwoordig soos Hy belof het (Matt. 16:18, 19; 28:20), veral waar sy Woord verkondig word (Luk. 10:16). Die preek moet dus die erediensdeelnemer laat sê: God het met my gespreek en daarom kan ek die keuse van geloof of ongeloof nie ontwyk nie. Prediking moet die lyne vanuit die bepaalde teks via die sentrale inhoud van die Skrif na die mens in sy konkrete situasie in die hede deurtrek (Vos, 1995:176). In die prediking is die prediker slaaf (dienskneg) van God deur die gemeente te dien. Die prediker moet die gemeente dien, sodat hulle kan weet wat in die Skrifgedeelte staan, hoe dit daar staan, waarom dit daar staan en veral waarvoor dit daar staan.

Die erediensdeelnemer het die volle reg om te verwag dat sy omstandighede en sy situasie asook die tendense en eise van sy tyd in die prediking betrek word. Die pendulum mag egter nie te ver na die een kant oorswaai, so asof die gemeente die norm vir Skrifprediking moet word nie (vgl. McClure, 1995:24). Tog tree die prediker nie as spreker voor 'n gehoor op nie, maar hy verskyn voor hulle in 'n bepaalde verhouding en wel as 'n broer wat optree onder broers en susters met wie hy saam tot die groot familie van God behoort en met wie hy die geloof in Christus deel. Hy bedien die sleutels van die hemelryk en tree in die oorbring van sy Sender se Woord op met die gesag van 'n ambassadeur. Dit verander egter niks aan sy intieme band met die gemeente nie – 'n innige, vertroulike liefdesband (De Klerk & Van Rensburg, 2005:140).

In die proses van prediking is dus 'n soort homiletiese sleutel nodig. Die hermeneutiese sleutel bring die prediker daartoe om God se boodskap te verstaan, die homiletiese sleutel bring die Woord van God in die gemeente in. Die baard van die sleutel het ten minste vyf punte wat daarop gerig is om die krag van die Woord effektief

tydens die handeling van die prediking in die geloofslawe van die erediensdeelnemer te laat werk. Die vyf punte is die volgende:

- die werklikheid van die hoorders se lewe;
- die geloofspanning of geloofsagterstand van die hoorders;
- die begrips- en taalwêreld in die werklikheid van die hoorders;
- die ken en ervaar van God in die hoorder se werklikheid;
- die onvermydelike keuse vir (of teen) God in die hoorder se werklikheid.

Die hoorder moet dus in die preekgebeure 'n verbintenis maak (Brendenkamp, 2006:334). Die lewende God se lewende Woord dwing tot 'n lewende, dinamiese en appelerende oordra van die boodskap. Die Gees wil die prediker nie net in die waarheid van God inlei nie en sy werking is nie tot die voorbereiding van die preek beperk nie. Ook op die preekstoel is dit die Gees wat die prediker voorlig en inspireer en wat 'n geestelike kragveld tussen prediker en erediensdeelnemer skep. Die preek wat in die studeerkamer gebore is, moet opnuut gebore word – oorgebring vanaf die papier na die polsende lewe van die mense.

Prediking is oorreding. Prediking is die krag van God, en Hy wil daardeur aan mense 'n nuwe lewe gee, hulle geloof versterk en hulle lewens verander. Die prediking is dwaasheid vir die wêreld ook omdat dit anders as die wêreldse oorreding te werk gaan. Kennis van die stof en die kwaliteit van die inhoud van die prediker se preek is deurslaggewend as eerste stap in die oorreding. Kennis alleen is nie genoeg nie, want daar moet ook skildering wees – die prediker moet laat sien wat hy meedeel (De Wet, 2007:455; Eslinger, 1995:141; Cilliers, 1998:66). Juis omdat die geloof so konkreet en persoonlik en die Skrif so aanskoulik en skilderagtig is, moet die prediker sy gedagtes veraanskoulik. Prediking werk egter nie net met die verstand nie, roer en skok nie net die gemoed nie, is nie bloot met 'n emosie in die hart tevrede nie. Dit wil die mens oorreed: deur die verstand en die hart heen moet die wil van die hoorder gebuig word (Hogan, 1999:7).

Ware oorredende prediking bevat drie elemente, naamlik informasie (kennisoordrag), inspirasie (die prediker is oortuig wat hy glo) en aksie (prediking moet aktiwiteit teweeg bring). Al drie hierdie elemente is van die begin tot die einde volkome afhanklik van die Heilige Gees. Die prediker se energie, vitaliteit en elektrisiteit skep 'n

bewussyn dat hy teenwoordig en intens betrokke is (Dingemans, 1996:45). Die verkondiging van die Woord is nie in die rede van die prediker alleen geleë nie, maar in die gebeure tussen die prediker en die hoorder. Preek en toeëiening is die kragveld waarin die verkondiging plaasvind (Luther, 1983:243). Die erediensdeelnemer moet na die handeling van die prediking vier aannames kan maak: 'n duidelike begrip van die betekenis en bedoeling van die Skriflesing waaruit die prediking voortgevloei het; kennis van hoe God wil hê dat hy moet verander; begrip van wat hy moet doen om die verandering te verwesenlik; asook die wyse waarop hy dit moet doen. Al hierdie gaan gepaard met die beoordeling dat alles wat die prediker gesê het op Skrifgronde berus (McKim, 1996:131).

Prediking moet altyd 'n vurk-in-die-pad-bedoeling vir die hoorder hê. Hy moet so helder met die waarheid gekonfronteer word dat hy deur God self tot 'n beslissing gedwing word. Die beslissing wat hy vel, is egter 'n saak tussen hom en die Heilige Gees. Die prediker het die keuse aangewys, maar hy mag nie die hoorder dwing om een bepaalde koers te kies nie. Die prediker moet alles wat God tot sy beskikking stel, gebruik om die boodskap helder oor te bring en om die hoorder se verdedigingsmeganismes te deurbreek, sodat hy met die waarheid gekonfronteer word. Nadat hy dit gedoen het, durf hy egter nie verder gaan nie (Edgar, 1996:64). Alleen die Heilige Gees kan in sy heiligheid by hierdie punt verbygaan.

In hierdie verband word getuienisprediking aanbeveel. Hierdie wyse van oordrag volg die lyn van die prediking se kerugmatiese, marturetiese en didaskaliese karakter. Hierin is die openbaringsinhoud ook die lewende geloofsoortuiging en geloofsbesit van die prediker (Hu, 2005:44). Die hele persoon van die prediker, sy woorde, spraak, liggaamstaal, gesigspel, oogkontak en oogglans is in lewende diens van die Woord van God.

Hoe moet die gemeente dan na die preek luister? Die gevaar is dat die instelling kan wees om vermaak te word, sonder om self betrokke te wees. Om betrokke te wees, is daar net een manier van luister en dit is om geestelik op die knieë te wees. 'n Preek as boodskap van God deur die Gees kan nie "gehoor" word as daar nie biddende voorbereiding vir biddende luister is nie (Immink, 1999: 121). Die liturgiese aktiwiteit van luister is dus ten volle die gelowiges se medeverantwoordelikheid vir die prediking. Deur hierdie medeverantwoordelikheid na te kom, durf die hoorder *amen* op die preek sê. Die woord *amen* wys altyd op sekerheid, vastheid, regs-krag, effektiewe geldingskrag. Van die "amen" in sy ware betekenis na die preek gaan 'n terugwerkende krag op die prediking uit, of ook

'n kritiese werking op die prediking wat sal volg. Die “amen” is die eggo van die gemeente op die prediking, of liever die belydenis wat die prediking as belydenis toeëien. Die “amen-sê” is bewys daarvan dat die lidmaat nie die predikant nie, maar God in die prediking ontmoet. Wie biddend, worstelend met God en om God met die preek besig is, vind in die preek iets anders as 'n predikant wat praat en voordra (Immink, 2002:20). Dan is die lidmaat self besig om in die preek te werk, omdat wat in die preek gesê word, sy geloofs-belydenis moet wees. Aan die einde van die preek sê dié wat luister saam “amen”, of hulle sê “nee”. Maar hulle kan nie niks sê nie.

Tog kan daar nie tussen die regstreekse (openbarings-) en die verklarende (belydenis- of getuienis-) prediking 'n gelykaanteken geplaas word nie. Die gemeente in die Nuwe Testament word beskou as mense wat die Gees ontvang het en wat volwasse kinders van God is. Johannes spoor sy lesers aan om die prediker te ondersoek of sy gees van God afkomstig is (1 Joh. 4:1). Daarom kan en moet daar, waar nodig, nederige kritiek op die prediking wees.

6. Die prediking en die gawe van die profesie

Die gemeente se betrokkenheid by die prediking strek verder as net die voorbereidingsaktiwiteit, die beplanningsaktiwiteit en die luisteraktiwiteit. Die gemeente moet mekaar uit die Skriflesing en prediking onderrig (vgl. Heb. 5:12; DeSilva, 2000:212; Long, 1995:71), en hulle moet mekaar help om die Skriflesing en prediking nog verder na die praktyk deur te trek. Vroeg in die twintigste eeu het J.D. du Toit 'n intreerede as professor gelewer, wat hy *Die sestiende-eeuse profesie en die betekenis daarvan vir ons tyd* genoem het. Hy som daarin die toestand van die luisteraktiwiteit soos volg op:

Die dienaar van die Woord spreek die leerrede uit, daar word gebid, gesing, die seën ontvang, die gemeente gaan huistoe, en dit is doodstil: van die preek word omtrent niks goeds of niks kwaads gehoor nie! Die preek is 'n skoot op die wye vlakke, sonder weerklank en sonder trefslag! En die gereformeerde gemeente blyk onmondig te wees, 'n *ecclesia audiens*, 'n kerk wat net moet luister en ewig moet swyg. (Du Toit, 1977:91.)

Die sestiende-eeuse profesie is die gemeenskaplike ondersoek van die Skrif en 'n deelname daaraan ook deur gemeentede met besondere gawes; die gawe om die gepredikte woord in konkrete situasies toe te pas. Die ervaring in die tyd van Calvyn en later van Voetius en Labadie is dat hierdie profesie 'n groter uitwerking het as die kragtigste preke, en die groei van die gemeente word daardeur

sterk bevorder (Du Toit, 1977:81-83). Profesie in die sin van 1 Korintiërs 14 is nie om toekomstige dinge te voorspel nie, maar die regte begrip om die Skrif uit te lê en tot vertroosting en vermaning van die gemeente toe te pas (Hall, 2003:144).

By die evaluering van die verskillende gawes en die vraag watter die belangrikste is, is die deurslaggewende faktor die vraag watter gawe(s) die beste tot opbou of stigting van die kerk bydra. Daarom moet die gawe om te kan profeteer (d.i. om woorde van opbou, bemoediging, vertroosting, vermaning te kan spreek – 1 Kor. 14:3) veel hoër geag word as om in tale te praat (Van den Brink *et al.*, 2006:359). Die profesie het veel meer kommunikatiewe krag vanweë die verstaanbaarheid daarvan, en dit is fundamenteel vir die kerk wat God se wil ken en doen. Dit is die tiperende geskenk vir die kerk in die laaste dae (Hand. 2:17; Barrett, 1994:136).

In die sin van 1 Korintiërs 14 is 'n profeet iemand wat die gawe het om onder verligting van die Heilige Gees die hand en wil van God in die bestaan en geskiedenis van die volk van God raak te sien en te verkondig. Deur die profesie word die gemeente opgebou met die insig van mense in die Woord van God en getroos en bemoedig deur die Godsregering oor hulle bloot te lê. Profesie in die Nuwe-Testamentiese kerk is nie dieselfde as inspirasie nie en daarom toetsbaar (1 Kor. 14:36-38; 1 Tes. 5:21; Hayes, 1997:250; Green, 2002:265). Profesie is veral die gawe om te verstaan en uit te druk wat in 'n konkrete gegewe situasie die wil van God is (Hand. 11:28; 13:1; 15:32; Martin, 1984:67). In die gawe van die profesie word die onweerstaanbare werking van die Woord op die mensehart aangedui, en op hierdie wyse voorsien die profesie in 'n sterk behoefte van die gemeente, wat die leiding van God stap vir stap nodig het. Daarom moet in die gemeente besondere ruimte geskep word vir die profetiese woord (1 Kor. 14:39; vgl. Rom. 12:6, 7; 1 Tes. 5:20), want daarin kom die helpende hand van God regstreeks na die gemeente toe (Cranfield, 2004:620; Donfried, 2002:193).

Die hoogste en uitnemendste werking van die Gees waardeur Hy die gemeente opbou, is die liefde. Ná die liefde is die rykste gawe die profesie (1 Kor. 14:1, 3, 5, 18, 19, 22, 39). So moet dit wees, want hierdie gawe is om aan die gemeente in al sy lewensomstandighede die koningshand van die Here te laat raaksien (Coetzee, 1984:234). Elkeen in die gemeente behoort hom dus vurig op hierdie gawe toe te lê en daar behoort in die gemeentelike lewe ruimte vir die ontwikkeling van hierdie gawe geskep te word. Die gawe van die profesie het die nouste verband met die Heilige Gees

en die prediking en daar behoort oor hierdie gawe binne die raamwerk van die erediens gehandel te word (1 Kor. 11:17-14:39).

Wie van harte die aktualiteit van die Woord en van die suiwer Skrif-prediking in die gemeente bely, behoort toe te sien dat geleenthede vir lidmate geskep word om profeties op die prediking te reageer. Daar moet 'n belydenisreaksie op die Woorddiens volg. Prakties beteken dit dat elke lidmaat die gawe moet ontwikkel om God se Woord konkreet in verskillende lewensituasies toe te pas. Daar behoort dus geleenthede geskep te word vir "preekbespreking". Hierdie bespreking moet egter veral handel oor die Skriflesing, oor aspekte wat dalk nie in die preek aangeraak kon word nie, die deurtrek van lyne na die praktyk en die wyse van praktiese toepassing wat God vir die gemeente gesê het. Dit mag nie in 'n algemene bespreking ontaard waar twispunte na vore gebring word en vrae gestel word nie. Die afspraak moet wees: Ons beoefen die gawe om God se Woord konkreet toe te pas, en daarom gaan lidmate nou meewerk om God se Woord na situasies in die gewone lewe deur te trek (Kim, 2006:149). Die gemeente moet geestelik hiervoor ryp wees en baie selfbeheersing aan die dag lê om nie die doel van die gawe van die profesie (nl. konkretisering van die Woord in die situasie) met 'n intellektualistiese vraesessie te vermink nie.

Op hierdie wyse word die kringloop van die Woordverkondiging in die erediens voltooi: die gemeente neem deel aan die preekbeplanning, hulle berei hulle vooraf deur Bybelstudie op die Skriflesing en prediking voor, hulle luister deur aktiewe toeëiening en hulle praat oor dit wat hulle God deur die prediking hoor sê het. So kom God ook deur die gemeente aan die woord en is die prediking die volle verantwoordelikheid van die hele gemeente. Die prediker word hierdeur opgeskerp, en die gemeente volhard in die leer en in die onderlinge meelewing. Dit behoort ook 'n uitwerking op die volharding in die gebede te hê.

7. Die verhouding: prediking tot Skriflesing en gebed

7.1 Die verhouding: prediking tot Skriflesing

Die eintlike bediening van die Woord is nie net die preek nie, maar veral die Skriflesing. Die Skrif is veel omvangryker en in die lees en aanhoor daarvan word die erediensdeelnemer blootgestel aan 'n breër oproep tot aanvaarding van die genade en tot bekering (De Klerk, 1999:175). Die prediking kies een aspek van die bepaalde Skrifgedeelte om dit in die konkrete situasie van die gemeente in te dra. Die lees en aanhoor van die Skrif en die prediking en ver-

kondiging daaruit hoort bymekaar (Barnard, 1998:215). Die noue verbinding van Skriflesing en prediking word op Lukas 4:21, Handeling 13:15 en veral ook op Nehemia 8:6-8 gegrond.

In die Skriflesing kom God regstreeks aan die woord, want die oorspronklike mondelinge prediking van onder andere die profete en apostels en die op skrif gestelde Woord is die Woord van God. Die prediking van selfs die Skrifgetrouste en mees begaafde prediker vandag kan nooit dieselfde gesag hê as dié van die Bybelskrywers nie. Hulle is op 'n unieke wyse deur die Heilige Gees in diens geneem en geïnspireer. Prediking het 'n afkondigende, lerende, getuigende karakter en het beslis gesag, maar alleen in sover dit met die Skrif ooreenstem. Dit het dus nie dieselfde gesag as die belydenisskrifte nie. Die belydenisskrifte het gesag omdat dit met die Skrif ooreenstem. Die prediking kan die Woord suiwer verklaar, maar is weens die gebrokenheid waarin die prediker en die gemeente hulle bevind, dikwels eensydig in die deurtrek van beginsels na aspekte van die praktiese lewe. Die prediking is elke keer toetsbaar – primêr aan die Skrif en sekondêr aan die Belydenis – en het gesag in sover dit die Skrif suiwer verklaar en toepas (Old, 2004:67). In hierdie sin alleen is daar dus 'n eenheid tussen Skriflesing en prediking, want wanneer prediking egte prediking is, kom God daardeur aan die woord.

Omdat God in die Skriflesing aan die woord is, kan daar van die Woorddiens as een handeling in die erediens gepraat word. Die selfstandige Skriflesing, die Skriflesing waaruit die prediking voortvloei, en die suiwere Skrifprediking is die Woorddiens. Dit vorm die hart van die erediens as ontmoeting van God met sy gemeente (Den Dulk, 2002:859). Die besondere aard van die Godsopenbaring (Skriflesing), wat die bron van die Christelike geloof vorm, vereis en beveel die prediking of proklamering van God se Woord. Die waarde van die Woord wat mondeling deur die lewende persoon regstreeks met die gemeente praat, kan nie onderskat word nie, want God het sy genade in die gestalte van die Woord bekend gemaak, en in die suiwere Skrifprediking kom God se Woord in mensewoorde na die gemeente. Die prediking het dus in sy verhouding met die Skriflesing 'n dienende funksie. Die Koning, Christus, laat sy boodskap uitgaan, en daar is iemand wat die boodskap oorbring, verduidelik en op die konkrete situasie toepas.

Die prediking het die Woord en die gemeente as opdrag. Ten opsigte van die Woord het die prediking die opdrag om deur die gebruikmaking van 'n hermeneutiese sleutel die Skrifgedeelte volgens sy bedoeling, sy aard as proklamerende, eisende en belofte-

gewende Woord te verklaar. Christus is in die prediking teenwoordig en handel daarin. Prediking is daarom nie bloot 'n gesprek oor God nie, maar dit is God self wat deur die boodskap en die gawes van die prediker werk. God kom in die prediking aan die woord, en daarom kan niemand neutraal bly nie, maar het die preek onontwykbare, onontkombare trefkrag tot lewe en dood. Deur die prediking word die sleutelmag van die koninkryk uitgeoefen.

Maar 'n Skrifgedeelte is nie behoorlik gehoor en verstaan as sy verband met die aktuele konkrete situasie in die gemeente nie herken is nie. Daarom het die prediking ook die gemeente as opdrag. Die prediker moet juis daarom die homiletiese sleutel aanwend om die Woord in die praktiese leefwêreld van die gemeente in te dra. God se eie boodskap wat Hy destyds aan bepaalde mense in 'n bepaalde gestalte gegee het, moet opgevang en met krag deurgegee word sodat die mense van vandag in die erediens vol verwondering voor die drie-enige God te staan kom. Die kommunikasievraag in die prediking word daardeur bepaal of die mense God deur die mond van die prediking met hulle hoor praat het (Neff, 2006:134).

Prediking is in hierdie opsig 'n knooppunt in die erediens: God kom aan die woord, want die prediking het die Woord as opdrag; ook die gemeente kom aan die woord, want die prediking wat in die gemeente ingedra word, het 'n belydenis- en getuieniskarakter, dit is napraat van God. Die gemeente laat deur sy aktiewe luister, toeëiening en na-praat van die Woord deur woord en daad, God aan die woord kom. In die prediking praat God sodanig dat Hy ook die mens aan die woord laat kom. God behou die inisiatief en daarom is die prediking nie dialoog in die sin van woord en antwoord, van twee gespreksgenote wat vir mekaar vrae stel en vir mekaar antwoorde gee nie. Die erediensdeelnemers is in die prediking wat God aan die woord laat kom, só met God gekonfronteer, dat hulle God bely wat in hulle konkrete lewensituasie is, en só van Hom getuig, Hom só nasê, dat God in hulle woorde en dade aan die woord kom. In die raamwerk van die erediens as ontmoeting knoop die woorde van God in die gemeente in die prediking so saam dat enersyds van die prediking gesê kan word dat dit evangelieverkondiging is, en daarom innig met die Skriflesing verbind is. Andersyds is prediking die gemeente se verantwoordelikheid, en wat hulle daarin aanvaar, is hulle belydenis volgens hulle leer, belydenis en lewe. Prediking as belydenis is ook innig verbonde met erediensgebede – erediensgebede wat 'n sterk element van belydenis bevat.

7.2 Die verhouding: prediking tot gebed

Die Heilige Gees is in die Woorddiens (Skriflesing en prediking) en in die diens van die gebede werksaam. In die Skriflesing is die Gees die Outeur van die Skrif en Hy werk kragtig in sowel die voorleser as die hoorder. In die prediking verlig Hy die prediker se verstand om die Woord te verstaan en in die midde van die gemeente in te dra. In die gebed kom dieselfde Gees die gemeente se swakheid te hulp en tree Hy vir hulle by God in met onuitspreeklike versugtinge. Juis vanweë sy optrede in al drie hierdie handeling bind die Gees die Skriflesing, prediking en gebed aan mekaar (Johnson & Duncan III, 2003:149). Die drieërlei ontmoeting wat in al drie die elemente van die erediens plaasvind, toon verder hoe innig hulle verbind is.

Die Gees het die Woord deur inspirasie van die Bybelskrywers tot stand gebring en die “asem van die Gees” kan alleen verstaan word deur mense wat “in die Gees” is. Dit is slegs deur ’n biddende gesindheid moontlik. Aan die ander kant roep die Woorddiens, as God se woorde deur die werking van die Gees, gebed, aanbidding en verootmoediging in die hart van die gelowiges op. Die Woorddiens gaan in hierdie sin die gebede vooraf. Die gebed is sonder die werking van die Gees deur die Woorddiens nie moontlik nie, óf dit is ’n blote formaliteit. Die gebed om die verligting van die verstand van die erediensdeelnemer en die gebed wat deur die Woorddiens opgeroep word, omraam dus die Woorddiens. Hiermee word tegelyk die dienende funksie en belydeniskarakter van die gebed ten opsigte van die Woorddiens erken (Kommers, 2006:680).

Omdat die Heilige Gees op dieselfde verliggende wyse in die prediking en in gebed werk (en nie deur inspirasie soos by die Skrif nie) het die prediking en gebed in liturgiese sin gelyke status. Nog redes vir die gelyke status tussen prediking en gebed is omdat sowel prediking as gebed belydenisdien is en in ’n groot mate as belydenis en nasê van die Skriflesing gekarakteriseer kan word en omdat die prediking en gebed, anders as die Skriflesing, die gemeente se verantwoordelikheid is. Die Skriflesing is die een selfstandige handeling en die prediking en gebed staan in ’n kousale verhouding tot Skriflesing, want Skriflesing is wesenlik openbaring. Skriflesing baar prediking en gebed. Prediking en gebed staan in ’n liturgiese gelyke verhouding tot mekaar, en daarom is daar ’n wedydse wisselwerking van die een op die ander. Die prediking as belydenis wek gebed as aanbidding en die aanbidding wek weer belydenis op.

8. Samevatting

Die probleemstelling van hierdie navorsing was: Hoe is die Heilige Gees in die aksie van prediking en die uitwerking daarvan teenwoordig en werkzaam? Sonder die krag en gemeenskap van die Heilige Gees is die prediking 'n selfvernietigende taak wat prediker en hoorder frustrer. Die Gees dra die boodskap en bewerk die sekerheid in die predikers dat die Gees die regte gehoor in die woorde van die prediking skep. Christus as die brandpunt van die prediking word deur die gemeente in sy ontmoeting met God toegeëien en gehoorsaam. Prediking deel die vrug van Christus se werk mee en vestig en versterk daardeur 'n liefdesband tussen die hoorders. Die prediker en sy prediking staan in diens van Christus en van die Gees van God. Christus gee sleutelmag aan die prediking. Die prediker praat namens God, maar altyd met sy gesig na die gemeente.

Prediking het die Woord en die gemeente as opdrag. Prediking moet die lyne van die teks via die sentrale inhoud van die Skrif na die mens van die hede deurtrek. Omdat prediking oorreding is, moet die hoorder 'n verbintenis ten opsigte van die appèl van die prediking maak. Wie biddend, worstelend met God en om God met die preek besig is, vind in die preek iets anders as die predikant wat praat. Hy/sy kry die geleentheid om tot belydenis te kom. Die gemeente moet deur die beoefening van die gawe van die profesie die prediking in die konkrete lewensituasie toepas. Prediking en gebed staan in 'n kousale verhouding tot Skriflesing, want Skriflesing roep prediking en gebed op. Prediking as belydenis wek gebed as aanbidding, en die aanbidding wek weer belydenis op. Hierdie kousale en wisselwerkende verhoudings is lewend en kragtig deur die dinamiese werking van God die Heilige Gees – die Heilige Gees wat gemeenskap tussen God en die gemeente in Christus deur hierdie handeling bewerk.

Geraadpleegde bronne

- BARNARD, M. 1997. Wat het oog heeft gezien: verbeelding als sleutel van het credo. Zoetermeer: Meinema
- BARNARD, M. 1998. Prediking. (In Oskamp, P. & Schuman, N. De weg van de liturgie: tradities, achtergronden, praktijk. Zoetermeer: Meinema. p. 210-216.)
- BARRETT, C.K. 1994. Acts 1-14. International critical commentary. London: Clark.
- BREDENKAMP, D.S.M. 2006. Galasiërs 5:22-23 – eksegetiese en homiletiese aantekeninge. *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif*, 47(3 & 4):330-336.

- BRIENEN, T. 1987. De liturgie bij Calvijn, zijn publicaties en zijn visies. Kampen: De Groot Goudriaan.
- CARTER, T.G. 2005. Preaching God's word: a hands-on approach to preparing, developing, and delivering the sermon. Zondervan: Grand Rapids.
- CILLIERS, J. 1998. Die uitwysing van God op die kansel: inspirerende perspektiewe op die prediking – om God te sien en ander te láát sien. Kaapstad: Lux Verbi.
- CILLIERS, J. 2002. Die geheim van die prediking: om na die stem van die teks te luister. *Verbum et ecclesia*, 23(1):67-79.
- COETZEE, J.C. 1984. Die Heilige Gees in die prediking van Paulus. (*In Du Toit, A.B., red. Handleiding by die Nuwe Testament. Band 5: Die Pauliniese briewe. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 234-255.*)
- CRANFIELD, C.E.B. 2004. Romans 9-16: a critical and exegetical commentary. London: Clark.
- DE KLERK, B.J. 1999. Die Heilige Gees en die Skriflesing in die samekoms van die gemeente. *In die Skriflig*, 33(2):165-186.
- DE KLERK, B.J. & VAN RENSBURG, J.J.J. 2005. Preekgeboorte: 'n handleiding vir gereformeerde eksegeese en prediking. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- DE WET, F.W. 2006. Die kommunikatiewe struktuur in eietydse gereformeerde prediking – van liniêre na sirkulêre gang? *In die Skriflig*, 40(4):617-647.
- DE WET, F.W. 2007. Uitdagings vir 'n reformatoriese benadering tot prediking in 'n postlitterêre kommunikatiewe konteks. *Koers*, 72(3):445-465.
- DEN DULK, M. 2002. Wat verbeeldt de Christelike gemeente zich als ze zegt dat God haar aanspreekt? *Theological studies*, 58(3):851-866.
- DESILVA, D.A. 2000. Perseverance in gratitude: a socio-rhetorical commentary on the epistle "to the Hebrews". Grand Rapids: Eerdmans.
- DINGEMANS, G. 1996. A hearer in the pew: homiletical reflections and suggestions. (*In Long, T.G. & Farley, E., eds. Preaching as theological task: world, gospel, Scripture in honor of David Buttrick. Louisville: John Knox. p. 40-56.*)
- DONFRIED, K.P. 2002. Paul, Thessalonica, and Early Christianity. Grand Rapids: Eerdmans.
- DOUMA, J.R. 2000. *Veni creator spiritus: de meditatie en het preekproces*. Kampen: Kok.
- DU TOIT, J.D. 1977. Totius versamelde werke. Deel 6. Kaapstad: Tafelberg.
- EDGAR, W. 1996. Reasons of the heart: recovering Christian persuasion. Grand Rapids: Baker.
- ENGELBRECHT, B. 1996. Eredienste sonder prediking? *Hervormer*, 89(3):5.
- ESLINGER, R.L. 1995. Narrative imagination: preaching the worlds that shape us. Minneapolis: Fortress.
- FEE, G.D. 2000. Listening to the Spirit in the text. Grand Rapids: Eerdmans.
- FLOOR, L. 1987. Die Heilige Gees en die prediking. *In die Skriflig*, 21(81):8-18.
- GREEN, G.L. 2002. The letters to the Corinthians. Leicester: Apollos.
- HALL, D.R. 2003. The unity of the Corinthian correspondence. London: Clark.
- HAYS, R.B. 1997. First Corinthians: interpretation: a Bible commentary for teaching and preaching. London: Clark.
- HOGAN, L.L. 1999. Rethinking persuasion: developing an incarnal theology of preaching. *Homiletic*, 24(2):1-12.

- HOGAN, L.L. 2005. The individual in relation to public preaching. (In Grözinger, A. & Soon, K.H. Preaching as shaping experience in a world of conflict. Singapore: Gospel Works. p. 100-108.)
- HU, DO-HWA. 2005. A new understanding of prophetic preaching. *Evangel*, 23(2):39-47.
- IMMINK, F.G. 1999. *Missio Dei* in preaching: God language and human receptivity. (In Kato, T. Preaching as God's mission. Tokyo: Studia Homiletica. p. 116-135.)
- IMMINK, F.G. 2001. De reformatorische preek. (In Barnard, M. & Post, P. Ritueel bestek: antropologische kernwoorden van de liturgie. Zoetermeer: Meinema. p. 228-233.)
- IMMINK, F.G. 2002. Preaching: creating perspective. (In Immink, F.G. & Stark, C., eds. Preaching creating perspective. Utrecht: Studia Homiletica. p. 13-24.)
- JOHNSON, T.L. & DUNCAN III, J.L. 2003. Reading and praying the Bible in corporate worship. (In Ryken, P.G., Thomas, D.W.H. & Dunken III, J.L. Give praise to God: a vision for reformed worship. Phillipsburg: P&R Publishing. p. 140-169.)
- JONKER, H. 1973. En toch preken. Nijkerk: Callenbach.
- KIM, C.H. 2006. Prophetic preaching as social preaching. *Evangelical review of theology*, 30(2):141-151.
- KOMMERS, J. 2006. Opwekking binne de tradisioneel-reformatoriese kerken: over oprecht verlangen en grote verlegenheid: reasearch article. *In die Skriflig*, 40(4):667-690.
- LONG, T.G. 1995. Hebrews: interpretation: a Bible commentary for teaching and preaching. Clark.
- LUTHER, H. 1983. Predigt als Handlung: Überlegungen zur Pragmatik des Predigens. *Zeitschrift für Theologie und Kirche*, 80:223-243.
- MARTIN, R.P. 1984. The Spirit and the congregation: studies in 1 Corinthians 12-15. Grand Rapids: Eerdmans.
- McCLURE, J.S. 1995. The round table pulpit: where leadership and preaching meet. Nashville: Abingdon.
- McKIM, D. 1996. The gospel as empowered speech for proclamation and persuasion. (In Long, T.G. & Farley, E., eds. Preaching as theological task: world, gospel, Scripture in honor of David Buttrick. Louisville: John Knox.
- MOHLER, R.A. 2003. Expository preaching: center of Christian worship. (In Ryken, P.G., Thomas, D.W.H. & Dunken III, J.L. Give praise to God: a vision for reformed worship. Phillipsburg: P&R Publishing. p. 107-121.)
- NEFF, B.J. 2006. A pastor's guide to interpersonal communication: the other six days. New York: Haworth. (Haworth series in chaplaincy.)
- OLD, H.O. 2004. The reading and preaching of the Scriptures in the worship of the Christian church. Grand Rapids: Eerdmans.
- PIETERSE, H.J.C. 1991. Gemeente en prediking. Doornfontein: Perskor.
- PIETERSE, H.J.C. 2005. Die rol van Godskennis in die ontmoetingsgebeure met God in die prediking. *In die Skriflig*, 39(3):409-422.
- POTGIETER, P.C. 2008. Calvyn oor die leiding van die Heilige Gees in die verklaring van die Skrif. *Acta Theologica*, 28(2):69-85.
- SCHURINGA, H.D. 1995. Hearing the word in a visual age: a practical theological consideration of preaching within the contemporary urge to visualization. Kampen: Theologische Universiteit.

- SIEMERINK, H. 1999. "Ik vertegenwoordig zowel Christus als de gemeenschap." *Praktische theologie*, 26(2):171-181.
- STARK, C. 2005. Proeven van de preek: een praktisch-theologisch onderzoek naar de preek als Woord van God. Zoetermeer: Boekencentrum.
- STOTT, J.R.W. 1982. I believe in preaching. London: Hodder & Stroughton.
- SUNUKJIAN, D.R. 1982. The credibility of the preacher. *Bibliotheca sacra*, 82:255-267.
- THERON, P.F. 2002. Die oudheid van die letter en die nuutheid van die Gees: enkele opmerkings oor die Skrif as lewende Woord. *Acta Theologica: Essentialia et Hodierna, Supplementum*, 3:150-168.
- VAN DEN BRINK, G., BETTE, J.C. & ZWIEP, A.W. 2006. 1 en 2 Corinthiërs: studiebijbel Nieuwe Testament. Veenendal: Centrum voor Bijbelonderzoek.
- VAN DER WALT, J.J. 1982. Soek die Here in sy tempel. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- VOS, C.J.A. 1995. Die blye tyding: homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- VOS, C.J.A. & PIETERSE, H.J.C. 1997. Hoe lieflik is U woning. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Kernbegrippe:

gawe van profesie
Heilige Gees
prediking en gemeente
prediking in liturgie
verhouding: Skriflesing, prediking, gebed

Key concepts:

gift of prophesy
Holy Spirit
preaching and congregation
preaching in worship service
relationship: Scripture reading, preaching, prayer

